NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 17 – Uitgawe 6
7 Maart 2024

# Lydenstyd in ’n boks

**Lydenstyd is ’n wonderlike geleentheid op die kerklike kalender om introspeksie te doen en geestelik te groei. Dit is ’n tyd van voorbereiding en ontmoeting, daarom doen die meeste gemeentes in hierdie tyd ook moeite met die litugiese ruimte en die algehele inrigting van die erediens.**

Die groot uitdaging vir my was om hierdie kosbare tyd in ’n betekenisvolle ervaring vir lidmate (van alle ouderdomme) te omskep – nie net op Sondae nie, maar elke dag. Maar hoe?

Aangesien hierdie paar weke die kern van ons geloof vorm, was die doel om iets te vind wat lidmate opgewonde sal maak oor ’n tydperk wat hoofsaaklik bedruk is. Aktiwiteite, gedagtes en gebede wat vir mense ’n sintuiglike ervaring sal gee – ’n ervaring wat waardevol sal wees, lank nadat die Lydenstyd verby is. Die weke wat gepaardgaan met Lydenstyd moet as’t ware ’n tydperk van geloofsgroei wees.

Dis is dan ook hoe die behoefte aan die Lydenstyd-boksie in ons gemeente ontstaan het. ’n Boks wat bestaan uit eenvoudige aktiwiteite wat van die jongste tot die meer ervare lidmate kan gebruik om ’n sinvolle 40 dae te beleef.

Hierdie is die eerste jaar dat El-Flora die Lydenstyd-bokse uittoets en dit word positief deur mense binne en buite die gemeente ervaar. Daar is ’n legio moontlikhede om mee te eksperimenteer, maar die hoofdoel is om mense te kry om in opregtheid te bid. Om tyd te maak in ’n dolle gejaag en om net weer op Jesus en die kruisgebeure te fokus.

In hierdie jaar se boks is daar die volgende:

**As:** Op Aswoensdag word ons herinner dat Lydenstyd ’n tyd van rou is, ’n tyd waarin ons weer aan ons sonde en ons (nietige) menswees moet dink (Gen 3: 19). Die as kan dan op die voorkop gesmeer word.

**Sand:** Die sand speel ’n simboliese rol, deur elke persoon te herinner aan die Verbond wat God met Abraham gesluit het (Gen 22). Die sand (en klippe) is ook ’n simbool van die 40 dae dat Jesus in die woestyn was – dat Hy honger, koud en moeg was, maar steeds, gevul deur die Gees, die versoekings kon weerstaan (Matt 4: 3).

**Klein palmblare:** Om ons op Palmsondag te herinner dat mense Christus in Jerusalem as koning verwelkom het deur palmblare voor Hom neer te gooi.

**Kruis:** Daar is ’n rooi lint wat die bloed simboliseer en ’n wit lint wat aandui dat Christus sonder sonde was. Hierdie linte word op Goeie Vrydag om die kruis gedraai.

**Kers:** Teen Opstandingsondag wil ons die wêreld vertel dat Christus leef. Die kers herinner ons ook aan ons verantwoordelikheid om ’n lig in die wêreld te wees.

Saam met al hierdie aktiwiteite is daar daagliks geleentheid om God in die Lydenstyd te ervaar in die alledaagse, deur teksgedeeltes na te slaan, na liedere te luister, en uit te reik binne en buite die gemeente.

Hierdie bokse kan as ’n gesin of deur ’n individu gebruik word om te help met ’n geloofsreis wat jou uitnooi om te groei, om mense te vergewe, maar ook om vir God dankie te sê vir die grootste liefdesdaad.

Mag hierdie Lydenstyd jou oproep om te groei en meer as ooit bewus te raak van God se liefde en genade. Mag jy vergifnis en vrede verwesenlik in jou eie lewe en só Christus sigbaar maak.

**Ds Yolandé de Lange, El-Flora**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.






## Lief en leed

- Ons verneem gereeld van predikante en lidmate wat ernstige gesondheidsprobleme ondervind. Nie almal wil hul persoonlike inligting bekendmaak nie, maar ons dink in ons gebede aan ons mense wat swaarkry. Baie sterkte in die besonder tans aan **mev Erika Strydom**, vrou van dr Willie Strydom (emeritus/Eikenhof); **ds Theuns Snyman** (emeritus); en **oudl Anton Valks**.

- **Prof Andries van Aarde** het verlede week 'n spesiale uitgawe van die *HTS Teologiese Studies* (Vol 79 nr 1 van 2023) aan **prof Wim Dreyer** oorhandig as feesbundel met prof Dreyer se aftrede. **Op die foto** is van links na regs dr Frikkie Labuschagne, ds Leon Geel (sr), prof Tanya van Wyk, prof Wim Dreyer, prof Andries van Aarde, ds Hannes van der Merwe, prof Yolanda Dreyer, ds Janine Bevolo-Manders en prof Jaco Beyers.






Prof Tanya van Wyk

- **Prof Tanya van Wyk** het pas verneem dat sy die MPhil in Besigheidsbestuur (Opsie: Verantwoordelike Leierskap) aan die Albert Luthuli Leierskapinstituut (ALLI) by die Universiteit van Pretoria met lof geslaag het. Die graad word einde April toegeken. Vanweë die navorsing vir haar graad wat sy oor vroueleierskap gedoen het ('n stuk van haar navorsing het op die kerk en die NHKA gefokus), het UP haar genader om die hoofkoördineerder te wees van die ontwikkeling van UP se *Women Leadership Programme*. Vanaf Maart vanjaar sal sy deeltyds aan die Albert Luthuli Leierskapinstituut verbonde wees, terwyl haar werksaamhede in die Fakulteit Teologie en Religie volledig voortgaan. Baie geluk, prof Tanya!

**Die volgende predikante verjaar tot 15 Maart, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 7 Maart: Drr AC (Carel) Botma (60) (Bothaville) en DJ (Deon) du Toit (51) (Pierneef)
- Saterdag 9 Maart: Di JJH (Koos) Engelbrecht (74) (emeritus) en LJ (Louw) van der Linde (55) (Evander)
- Sondag 10 Maart: Ds TF (Thomas) Dreyer (48) (Wapadrant)
- Dinsdag 12 Maart: Ds JJ (Jaco) Dreyer (64) (Bloemfontein)
- Woensdag 13 Maart: Di LK (Lilian) Erasmus (34) (Wonderboom) en RJ (Rudi) Rust (65) (beroepafwagtend)



Ds Rue Hopley

## Gemeentes en bediening

- **Ds R (Rue) Hopley** van Pretoria-Oos (benoeming) het 'n beroep ontvang na Pretoria-Oos. Sy het die beroep aangeneem.



Ds Peet Esterhuizen

- **Ds PS (Peet) Esterhuizen** (emeritus) het 'n beroep ontvang na Gemeente Bronkhorstspruit (deeltyds). Hy het die beroep aanvaar en word Sondag 10 Maart daar bevestig.

## Vergaderings

- Dinsdag 12 Maart: Kuratorium




## 'n Gedig

**Ywer**

glanskewers en struike met bessies
en bye en vlinders en suikerkelkies

voëls en saadgrasse
en vrugdraende gewasse

verwonderd regop
sit ek en hou dop

hoe in 'n klein bestek
God Hom ywerig voltrek

**TT Cloete**
(Uit: *Jukstaposisie*, 1982)

## SP Engelbrecht-museum



**'n Uitnodiging na ons Kerkmuseum: Wie is ons?**
Die SP Engelbrecht-museum is die Kerkmuseum van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, in Pretoria. Die Museum bestaan uit verskillende groeperings of "kamers": Buite op die terrein die bokwa-ossewa, Voortrekkergrafstene en kerkgebou; Wortels van die NHKA; Prof SP Engelbrecht; Voortrekkertyd en Sanmense; Pionierstyd; Bekende kerkfigure; Oudste gemeentes; Victoriaanse tyd; Dorslandtrekkers; Mislukte Kerkvereniging 1886; Anglo-Boereoorlog; Liturgiese ruimte; Edwardiaanse tyd; 1914-Rebellie; Art Deco; 20ste eeu; Sustersvereniging; Barmhartigheid; Jeug; Sending; Bybelvertaling; Kerkmusiek; "Volkskas"; Verskeie gemeentes; Studeerkamer van Ds; Spore van die Hervormde Kerk op Tukkies.

**Was jy al by die Museum?**
Kom gerus weer, want dit lyk nou anders as laas keer. Gaan stadig deur die omvangryke versameling. Word deel van die Facebook-groep. Gaan vertel van hierdie Museum – vir jou vriende, familie en gemeente. Bring nog besoekers – reël dat jou gesin of vriende kom. Gaan bewaar jou eie kosbaarhede, tuis en in jou gemeente. Skryf besonderhede van jou eie kosbaarhede neer vir die nageslag.

**Kom kuier by die Museum...**
Jeuggroepe, kategesegroepe, damesgroepe, gemeentegroepe, senior lidmate, gesinne, voorskool tot stokoud. Kerkmense of bloot kultuurbelangstellendes.

**Werd om te weet**
- Google / Facebook-blad: SP Engelbrecht Museum.
- Oop vir besoeke per afspraak, enige dag of tyd. Reël net 'n dag of wat vooraf. Die Museum maak net oop per voorafgereelde afspraak.
- Aandbesoeke is nogal besonders.
- Reël besoeke met ds Carel Johann de Bruin by 082 733 3951.
- Toegangsfooie: R40 per persoon. Betaal in Absa tjekrekening 020149752 met verwysing 2533K + jou naam en stuur bewys van betaling na 082 733 3951.
- Veilige parkering op die gras.
- Oprit vir rolstoele.
- Piekniekplek, onder afdakkie by ossewa of in saal teen klein donasie aan koster.
- Finansiële skenkings om hierdie erfenis te bewaar, is welkom.
- Unieke Hervormde voorwerpe kan geskenk word.

**Kry ons hier**
- In die 1905-Wonderboompoortkerkie, die oudste kerkgeboutjie in die Moot van Pretoria, by Mansfieldlaan 624, Eloffsdal, Pretoria.
- Op GPS Google Maps: SP Engelbrecht Museum of 624 Mansfield Avenue. Tik dan in Engels vir korrekte Google-aanwysings.
- Roete: Draai vanuit Mansfieldlaan of Steve Bikostraat (Voortrekkerweg) in Booysenstraat, ry om die blok met Wegerlelaan; ingang vanuit Eloffstraat, hek 4 (nie hek 3 voor die saal nie), gemerk SP Engelbrecht.

## Toerusting

- **Bybelgenootskap van Suid-Afrika en Max People**
  **Seminaar Saterdag 9 Maart 08:30-12:00**
  Tema: Finansiële en persoonlike uitdagings van aftrede
  Teikengroep persone bo 35 jaar en afgetredenes
  Sprekers: Dr Johan Coetzee; dr Gerhard Lindeque;
  mnr André Blignaut; mev Hettie Mills
  Koste: R490 per persoon
  Kaartjies beskikbaar by **www.drjohancoetzee.co.za/shop/**

- **Stasies van die kruis: 25-30 Maart**
  **Gemeente Centurion-Oos**
  Napierweg 103, Lyttleton

  Die stasies van die kruis bied ons die geleentheid om in ons eie leefwêreld 'n pelgrimstog te onderneem en in die gees die krag van die Pase te beleef. Jy is welkom om dit saam te kom beleef op jou eie tyd. Dit sal sinvol wees om 'n uur of meer opsy te sit om deur die stasies te beweeg. Die stasies verskil jaarliks. Daar is 'n handleiding by die begin van die stasies.

  Toegang is gratis. Donasies (kontant, EFT, Zapper) of onbederfbare voedsel is welkom en word vir barmhartigheid aangewend.

  Maandag 25 Maart 16:00-19:00
  Dinsdag 26 Maart 10:00-14:00
  Woensdag 27 Maart 10:00-12:00 en 16:00-19:00
  Donderdag 28 Maart 16:00-18:30
  Vrydag 29 Maart 10:30-13:00
  Saterdag 30 Maart 10:00-13:00




- **40 liedere vir die 40 dae Lydenstyd.** Vanaf Woensdag 14 Februarie is daar elke dag 'n nuwe opname van 'n gepaste kerklied waarna jy kan luister om jou meelewing tydens

die Lydenstyd te verdiep. Die musiek is opgeneem in Gemeente Pretoria-Oos. Klik net hieronder en luister dag vir dag saam soos ons die pad na Golgota stap. As jy die lied-vir-die-dag daagliks via WhatsApp wil ontvang, stuur gerus jou selnommer na 072 041 3954. Klik ***hier***.




## Barmhartigheid

- **Nasionale Sertifikaat in Professionele Kookkuns – NQF Vlak 4**
  Werklose jongmense (18-35 jaar oud)
  Plesion NPC het **15 plekke** beskikbaar vir hierdie kursus
  Koste: **GRATIS** (daar word selfs 'n bedrag per maand gegee om te help met reiskoste)
  Plek: Groenkloof, Pretoria
  Tydsduur: 12 maande
  Sluitingsdatum vir aansoeke: **Vrydag 8 Maart 2024**
  Induksie: **Saterdag 9 Maart 2024** (*verpligtend*)
  Vir meer besonderhede, stuur e-pos na **gerhard@plesion.org.za**

- Die **kamp vir DPS-pleeggesinne** vind plaas van **21 tot 24 Maart** te **Venterskroon**. Daar word beoog om 30 pleegkinders asook tien pleegouers uit te nooi en agt studente te betrek by die toesig oor en aanbieding van aktiwiteite. Hierdie jaar kom drie van die vorige pleegkinders weer saam kamp as studente om 'n bietjie hul ervaring van die lewe na pleegsorg met die kinders te deel en as mentors vir hulle op te tree.

  Die kamp van 2023 se uitgawes het ongeveer R70 000 beloop. Dit sluit vervoer, etes, verversings, aktiwiteite asook verblyf vir die vier dae in. Besighede en individue wat 'n bydrae tot hierdie verdienstelike saak wil maak, kan aansoek doen vir artikel 18A-belastingvrystelling. Donasies kan inbetaal word in die volgende bankrekening:

  | | |
  |---|---|
  | **Rekeningnaam:** | Kinderhuise van die NHKA |
  | **Bank:** | ABSA Besigheidsrekening |
  | **Rekeningnommer:** | 020390093 |
  | **Beskrywing:** | Kamp |

  Indien direkte inbetalings gemaak word, moet die bewys van inbetaling per e-pos gestuur word na **suzanne@rata.org.za**. Vir enige verdere navrae, kontak mev Suzanne van Deventer by 066 477 8904. Besoek gerus die webwerf by **https://pleegsorg.org.za** of die Facebook-blad *DPS Huise*.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks** vir bejaardes in **Brooklyn, Pretoria,** beskik oor die volgende:
  - Tweeslaapkamer-woonregeenheid beskikbaar by Frans Boshoff teen R465 400.
  - Eenslaapkamer-huureenheid beskikbaar by Huis MacIntosh teen R5 330 (krag ens uitgesluit).

  Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  | | |
  |---|---|
  | Eenslaapkamer: | R515 000 |
  | 1½-slaapkamer: | R520 000 |
  | Tweeslaapkamer: | R560 000 |

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 of 083 308 0520 (08:00-12:00) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**



## Gebed vir die week

Heer, ek kom vandag na U omdat ek genesing nodig het.
By U is niks onmoontlik nie.
Hou my hart in u hart,
en vernuwe my verstand, my liggaam en my gees.
Ek is verlore, maar ek sing.
U het my die lewe gegee,
en U gee my ook die gawe van oneindige vreugde.
Gee my die krag om voort te gaan
op die pad wat U vir my bestem het.
Lei my na beter gesondheid,
en gee my die wysheid om die mense om my raak te sien
wat U daar geplaas het om my by te staan.
Ek vra dit in u heilige Naam.
Amen.

nursebuff.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)


| | |
|---|---|
| Redakteur: | Dr Johan van Staden |
| Subredakteurs: | Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha |
| Koördineerder: | Mev Tessa Oppermann |
| Uitlegkunstenaar: | Mnr Hugo van Niekerk |